# Dordt-Nuus

**Gemeenteblad Dordt Gereformeerde Kerk Orania (Los van GKSA) Februarie 2024**

**Eredienstye**
**Sondae: Oggend: 10:00. Aand: somer 18:00 / winter 17:00**

**Katkisasie**
**Sondae: 8:45**

**Posadres: Posbus 13, Orania 8752; Kerkplek: CVO Skool Ouditorium Orania**

**Skriba & Attes. Skriba: Oudl. Gerd Erasmus 053 207 0134 & 082 782 2985. e-pos: glerasmus@ncwnetonline.co.za of glerasmus@oranet.co.za Kassier: diaken Antonie Havinga 084 512 0146 & e-pos: antonie@itec.co.za**


***Skrifoordenking***

# Institusie van die Christelike Godsdiens Deel 3 Hfst.3

Johannes Calvyn

## DEUR DIE GELOOF WORD ONS WEERGEBORE; 'N BEHANDELING VAN BEROU

***Onvergeeflike sondes***

**24 "As hulle roep, sal Ek nie luister nie"** (bl.801,802) (Verwys vorige deel 22 en 23. Sonde teen die HG wat nie vergewe kan word nie, Dordt-Nuus Des.2023 en Jan.2024)

Dit kan vir sommige mense te hard en ook vreemd aan die sagmoedigheid van God lyk dat mense wat hulle toevlug daartoe neem om die Here om Sy barmhartigheid te smeek, vergiffenis geweier word. Dit is egter 'n vraagstuk wat ons maklik kan oplos. Hy sê immers nie dat vergiffenis hulle geweier word as hulle hul tot die Here bekeer nie. Hy ontken egter heeltemal dat hulle tot berou kan oorgaan, omdat hulle vanweë hulle ontdankbaarheid volgens God se regverdige oordeel, vir ewig verblind is. Dit verhinder dieselfde apostel nie om later die voorbeeld van Esau hierby in te pas wat met trane en geweeklaag tevergeefs gepoog het om sy eersgeboortereg terug te kry nie. (Hebr.12:16,17).

Ook die pofeet se dreigemente is nie minder daarmee in stryd nie. Hy sê: "Wanneer hulle roep, sal ek hulle nie verhoor nie" (Sag.7:13). Ware bekering of die aanroeping van God word immers nie met sulke uitdrukkings aangedui nie. Dit dui egter wel die angs van goddelose mense aan wanneer hulle daardeur in die hoogste nood vasgevang is en gedwing word om dit wat hulle tevore versmaai het, in aanmerking te neem, naamlik dat hulle niks goeds het as die Here hulle nie daartoe help nie. Hulle bid egter nie soseer om God se hulp nie maar hulle sug daaroor dat Sy hulp van hulle weggeneem is. Met sy uitroep dui die profeet, en met sy trane die apostel (Hebr.12:16,17), dus niks anders aan as die verskriklike foltering wat goddelose mense vanweë hulle wanhoop verskroei en pynig nie. Dit is belangrik om noukeurig hierop te let, want God sou andersins met Homself in stryd wees wanneer Hy deur Sy profeet uitroep dat Hy genadig sal wees sodra 'n sondaar hom bekeer het (Eseg.18:20-22). En soos ek reeds gesê het, is dit vas en seker dat die mens se gesindheid nie verbeter kan word tensy God se genade daaraan vooraf gaan nie.

Sover dit sy aanroeping aangaan: God se belofte sal nooit faal nie. Die blinde foltering waardeur verworpenes verskeur word wanneer hulle merk dat hulle God moet soek om 'n hulpmiddel teen die kwaad te vind en nogtans van Hom af wegvlug, word verkeerdelik *bekering* en *gebed* genoem.

* * * * * * * *

**Van die keerkraad se tafel**

**Woord- en Sakramentbediening te Alma**.

Na verskeie onderhandelinge is drie oud-Gereformeerde gesinne in die omgewing van Alma, Noordelike Provinsie, op 19 Julie 2019 by ons gemeente opgeneem. Hierdie getal van 13 lidmate het intussen aangegroei tot 23 waarvan 8 belydend en 15 dooplidmate is. Dit is as tydelike maatreël gedoen in die vooruitsig van selfstandigwording. Op die kerkraadsvergadering van 27 Januarie 2024 is ooreengekom dat hierdie groep DV amptelik op 4 Februarie 2024 sal afstig. Die plegtigheid sal dan DV Sondagaand na die erediens plaasvind. Ons dank die Here vir hierdie meerdere bediening . Ons is dankbaar dat die Here dit sover laat kom het en ons wil ons seënbede aan die nuwe Dordt Gereformeerde Kerk Alma ryklik toebid:

Loof die Heer met blye galme, o my siel, daars ryke stof!
'k Sal, solank ek leef, my psalme vrolik toewy aan Sy lof
En Hom, wat Sy guns my bied, altyd grootmaak in my lied.

**Bybelstudie:**

Die Bybelstudie wat drie jaar gelede onderbreek is, sal nou weer voortgesit word. Ds Kirsten kan voorlopig nie voorgaan nie weens sy veelvulge verpligtinge. Aanvanklik word beplan om met 'n videoreeks oor byelse skeppingsleer af te skop.

**Dordt-Nuus samewerking:**

Die redaksie doen 'n dringende versoek tot lidmate om tot die inhoud van die blad by te dra o.a. deur artkels of knipsels of gepaste artkels deur te gee. Ook voorstelle van moontlike onderwerpe waaraan ook die jonger lidmate 'n behoefte het, is baie welkom. As daar meer artkels bskikbaar is, kan ook makliker en beter vooruitbeplan word. Nog beter is as lidmate bereid is om na vore te kom en hulp aan te bied as lid van die redaksie.

* * * * * * * *

**Seënbede**

**Verjaarsdae:** Die volgende sr's verjaar in Februarie. Ons wil hulle die Here se seën vir die komende jaar toebid: Rencia Erasmus die 3de; Liezl Nothnagel en Erna Marx die 23ste; Rencia Vorster die 27ste; Leané Nothnagel die 28ste.

* * * * * * * *

## Lief en leed

**Siekte:** Sr. Rinie du Toit het haar borsbeen beseer en verduur aansienlike pyn. Mag die Here haar spoedig verligting gee. Sr. Cecil Strauss is maar nog steeds olik. Mag sy ook spoedig verligting van haar siekte van die Here ervaar.

* * * * * * * *

# UITSPRAKE VAN MARTIN LUTHER

Soos opgeteken deur Peter Hammond

Luther het Augustinus aangehaal: Ecclesis Semper Reformanda Est – Die kerk hervormd, en steeds hervormende

### Vrees God.

Moenie mense vrees nie. Die vrees van mense sal nog blyk om ‘n strik te wees.

### Bestudeer die Bybel.

Laat julle gewete gevange wees deur die Woord van God. Pouse en konsilies het al dikwels gefouteer en hulself weerspreek. Julle gewete moet gevange wees deur die Woord van God. Dit is onveilig en gevaarlik om enigiets teen julle gewete te doen. Staan op die onveranderlike Woord van die Almagtige God. **Bid die Psalms**.

### Bid Vroeg en Dikwels

Om ‘n Christen te wees sonder gebed is net so onmoontlik as om te lewe sonder om asem te haal. Gebed is ‘n sterk muur en vesting van die kerk. Dit is ‘n uitmuntende Christelike wapen.

### Sing tot Lof en Eer van God

Naas die Woord van God is die edele kuns van musiek die grootste skat in die wêreld. Pragtige musiek is die kuns van die profete wat die onrustigheid van die siel kalmeer. Dit is een van die luisterrykste en genotvolste geskenke wat God ons gegee het. (Bach het goeie musiek die vyfde Evangelie genoem)

### Leef in die Lig van die Ewigheid

Onse Here het die belofte van die Opstanding geskryf, nie net in boeke alleen nie, maar in elke blaar in die lente. Want in die ware natuur van dinge, as ons dit reg beskou, is elke groen boom baie heerliker as wanneer dit van goud of silwer gemaak sou gewees het.

### Vertrou Heelhartig in God

Geloof is ‘n lewendige, heelhartige vertroue in God se genade, so seker en gewis dat ‘n mens sy lewe 8 000 keer daarop kan waag.

### Bybel-gefundeerde Onderwys

Ek is baie bekommerd dat skole nog wye oop poorte na die hel sal word tensy hulle ywerig arbei om die Heilige Skrifte te verduidelik, en dit op die harte van die jeug te graveer. Ek raai niemand aan om sy kind in ’n plek te plaas waar die Skrifte nie die oppergesag voer nie. Elke inrigting waarin mense nie permanent besig is met die Woord van God nie, moet verdorwe raak.

### Waar die Oorlog Woed

As ek met die hardste stem en duidelikste verklaring elke gedeelte van die die waarheid van die Woord van God bely, behalwe presies op daardie punt waar die wêreld en die duiwel op daardie oomblik aanval, dan is ek nie besig om Christus te bely nie, hoe dapper of onbeskaamd ek Hom ookal mag bely. Waar die geveg woed, daar word die lojaliteid van die soldaat bewys; en om dus op al die gevegsfronte vas te staan, is louter vlug en skande as hy op dáárdie punt weifel en terugdeins.

### Bedrog, misleiding en kranksinnigheid

Want waar God ‘n kerk bou, daar sal die duiwel ook ‘n namaaksel bou.

### Staan dapper vir die Waarheid

Ek is nie gebind deur die menig van mense nie. Vrede as moontlik. **Waarheid ten alle koste.** ‘n Eenvoudige leek, gewapen met die Skrifte, is groter as die magtigste pous daarsonder. God sal die strate van die hel plavei met die skedels van afvallige biskoppe en kardinale.

### Kort gebede vanuit die Hart

Gee dat ek nie alleen met die mond mag bid nie. Help my dat ek vanuit die diepte van my hart mag bid. Hoe minder die woorde, hoe beter die gebed. God het nie jou goeie werke nodig nie, maar jou buurman het. Gebede soos dié hang alles van God af. Bid asof alles van God afhang. ‚As jy klaar is, gaan dan uit en werk asof alles van jou afhang. Ons is verlos deur geloof alleen, maar die geloof wat verlos is nooit alleen nie. Hoe minder ek bid hoe moeiliker raak dit. Hoe meer ek bid, hoe makliker raak dit.

### Geniet God-erende Musiek

Musiek is die kuns van die profete en die gawe van God. So lank as ons lewe is daar nie genoeg sang nie. My hart, wat tot oorvloediging toe daarvan vol is, is dikwels al getroos en verfris deur musiek wanneer dit siek en vermoeid was.

**Verloën SELF – Neem Jou Kruis Op**

Ek is meer bevrees vir my eie hart as vir die pous en al sy kardinale. Ek het in my die groot pous, EK. Pasop vir selfsug. God het die wêreld geskape uit niks en so lank ons niks is, kan Hy iets van ons maak. As satan my vertel dat ek ‘n sondaar is, vertroos hy my geweldig, want Christus het vir sondaars gesterf. ‘n Christen is nooit in ‘n staat van voltooid nie, maar altyd in die proses van wording.

**Liefde word Gemeet deur Offerande**

‘n Godsdiens wat niks gee nie, kos niks en ly niks, is niks werd nie. Wys my waar ‘n man sy tyd verwyl en sy geld spandeer en ek sal jou wys watter god hy regtig aanbid.

**Plant bome**

Al weet ek dat die wêreld môre tot niet sal gaan, sal ek vandag nog‘n appelboom plant.

**Wees Leerbaar**

Die wêreld wil nie gekorrigeer word nie. Dit wil in die donker bly. Dit wil nie gesê word dat wat hy glo, vals is nie. As jy ook nie gekorrigeer wil word nie, dan kan jy net so wel die kerk verlaat en jou tyd by die kroeg of die bordeel spandeer. Maar as jy gered wil word en onthou dat daar ‘n ander lewe na hierdie een is, moet jyteregwysing aanvaar.

**Dors na die Lewende Water van Christus**

Die Bybel is ‘n merkwaardige fontein. Hoe meer jy daarvan skep en drink, hoe meer stimuleer dit dors. Die Bybel is lewendig, dit praat met my. Dit het voete, dit hardloop agter my aan. Dit het hande, dit gryp my vas. Die Woord van God is groter as die Hemel en aarde, ja, groter as die dood en hel, want dit vorm deel van die krag van God en volhard in ewigheid.

**Die Sonde van ons samelewing**

‘n Evangelie wat nie die sake van die dag hanteer nie is glad nie die Evangelie nie. Jy is nie net verantwoordelik vir wat jy sê nie, maar ook vir wat jy nie sê nie. Staan vir die waarheid. Bely God onbeskaamd. Stry die goeie stryd van die geloof. Preek op so‘n manier dat die mense wat na jou luister hulle sonde begin haat; so nie sal hulle jou haat. ‘n Leuen is soos ‘n sneeubal: hoe verder dit rol hoe groter word dit. Hulle het jou meester ‘n doringkroon gegee. Hoekom hoop jy op ‘n kroon van rose? ‘n Eenvoudige leek, gewapen met die Skrifte, is groter as die magtigste pous daarsonder. Gee die wet aan die trotse en die Evangelie aan die wat gebroke van hart is.

**Trou Verstandig**

Dit is onmoontlik vir ‘n jongman om ongetroud te bly sonder sonde. Trou is die ware skool van karrakter. Jy kan meer leer in een jaar van getroude lewe as 10 jaar in ‘n kollege. Daar is nie ‘n meer lieflike, vriendelike en bekoorlike verhoudig, gemeenskap of geselskap nie, as ‘n goeie huwelik.

**Geloof is Nie Gevoelens nie**

Gevoelens kom en gevoelens gaan. Gevoelens is misleiden. My waarborg is die Woord van God. Niks anders is die moeite werd om voor te leef nie. Daar is Een groter as my hart, wie se Woord nie gebreek kan word nie. Ek sal in God se onveranderlike Woord, wat nie gebreek kan word nie, vertrou. Ek sal in God se onveranderlike Woord vertrou tot ligaam en gees skei. Want alhoewel alle dinge verby sal gaan, Sy Woord sal in ewigheid standhou! Ons word nie regverdig omdat ons regverdige dade doen nie, maar deurdat ons geregverdig gemaak is, doen ons regverdige dade.

**Christelike karakter**

Die besitting van ons land hang nie af van die oorvloed van sy inkomste, nóg van die krag van sy versterkings; nie op die skoonheid van sy geboue nie, maar dit bestaan uit sy gekutiveerde burgers, in sy mense van opvoeding, verligting en karakter. Niks is skoner in die oë van God as die siel wat dit bemin om die Woord van God te hoor nie.

**Meesterskap van Christus tot Alle tereine**

God se gedagtes is hoër as ons gedagtes. Sy weë is hoër as ons weë.

Die Hervorming het begin om die Bybelse beginsels t.o.v. alle gebiede van die lewe te herstel.Dit is God se Woord en ons het nodig dat God se Woord op alle gebiede van die lewe gehoorsaam word.

Is jou gewete gevange aan die Woord van God?

Is jou begeerte om die God stiptelik te gehoorsaam, en opreg, met jou hele hart, aan die brand in die Hand van God?

Mag God ons vul en bekragtig met Sy Heilige Gees om getrou aan Sy Woord, die Bybel, en effektief in Sy diens te wees. Soek eers die Koninkryk van God, maak dissipelss van alle nasies, deur hulle gehoorsaam te onderig in alle dinge wat die Here beveel het. (P.Hammomd, *What Would Martin Luther Say to Us Today*? Christian Action,2018 (4) ).

* * * * * * * * *

**Grepe uit die kerkgeskiedenis**

# Geref.Kerke in Suid-Afrika van 1890 en verder

## Die Gereformeerde Kerke onder die Kruis (Febr 2024)

## Afskeiding van die Gereformeerde Kerke onder die Kruis

## Oorsig

**Die Kerke onder die Kruis probeer 'n eie kerkverband stig**

Uit die oorsig van die totstandkoming van hierdie Kerkgroep het dit duidelik geblyk dat hulle nie gelyktydig ontstaan het nie maar met tussenposes oot jare heen. Daar het dan ook aanvanklik geen kerkverband onder hulle bestaan nie, maar

gaandeweg het die behoefte daaraan blykbaar na vore getree. Teen die einde van 1909 het ds. S.J. du Toit ses Kruisgemeentes en vier gemeentes van die Ned. Geref. Kerk van Transvaal bedien; twee van die gemeentes van laasgenoemde Kerkegroep, naamlik Bethal en Heidelberg, het toe reeds met goedkeuring en medewete van ds. Du Toit by die Gereformeerde Kerk aangesluit (Oberholster, 1956:291).

Op 21 Februarie 1910 is 'n Algemene Vergadering gehou van die kerke wat deur ds. Du Toit bedien is, waar agt gemeentes verteenwoordig was. Een groot moeilikheid het die totstandkoming van 'n kerkverband in die weg gestaan, naamlik die feit dat dit twee aparte Kerkgroepe was, wat tot sover los van mekaar bestaan het en selfs twee aparte name gedra het. Op hierdie vergadering moes dus eers gepoog word om 'n eenheid tussen die twee groepe te bewerkstellig. Dit het voorspoedig gegaan, want die afgevaardigdes van die sogenaamde "Scouts"-kerk (wat later bespreek word) het die vergadering meegedeel dat hulle bereid is om die naam Gereformeerde Kerk onder die Kruis te aanvaar. Hierdie bekendmaking is met algemene byval begroet, en gevolglik kon die Algemene Vergadering daartoe oorgaan om 'n kerkorde op te stel. Die doel van die Kerkorde was (Oberholster, 1956:291) :

(1) om vas te stel wat die Kerke as belydenisskrifte aanvaar,


(2) op watter wyse die gemeentes regeer sou word, en

(3) watter mag die Algemene Vergadering sou hê.

Die Algemene Vergadering het verder 'n broederlike brief gerig aan die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, en nog 'n "ope brief" waarin die besware teen die NG Kerk saamgevat is, is wêreldkundig gemaak. Met hierdie stap het dit dus geblyk of daar konsolidasie gekom het tussen die Kerke onder die Kruis onderling en verder ook vereniging met die gemeentes van die 'Ned. Geref. Kerk in Transvaal' – dit is die naam wat die "Scouts"kerke-mense hulleself eers genoem het, (later meer hieroor) (Oberholster, 1956:291).

Deur die optrede van hierdie Kerkvergadering is daar dus 'n kerkverband gesmee, aangesien daar van toe af 'n gemeenskaplike belydenis en Kerkorde was waarop die kerkverband volgens gereformeerde opvatting moet berus. Die Kerke het dus ongetwyfeld vooruitgesien na 'n rustiger en verenigde voortbestaan maar het nie geweet dat 'n moeitevolle tydperk vir hulle vlak voor die deur gestaan het nie. In 1910 was ds. Du Toit in 'n ongeluk, met die gevolg dat sy herderlike reise nie meer kon plaasvind nie. Op 19 April 1911 is 'n Algemene Vergadering van die Kerke onder die Kruis op Daljosafat bepaal, maar ds. Du Toit kon dit ook daar nie bywoon nie. Daardie Vergadering moes dus ernstige aandag skenk aan die geestelike bearbeiding van die gemeentes noudat die konsulent deur sy ongesteldheid verhinder is om op te tree. 'n Kommissie bestaande uit oudll. C.J.J. du Plessis (Lindley), P.J. Badenhorst (Strydenburg) en C.J. Taljaard (Standerton) is benoem om hierdie saak te hanteer. Op 28 Mei 1911 is ds. Du Toit oorlede sodat die Kerke onder die Kruis herderloos gelaat is (Oberholster, 1956:292,293).

## Kaart van die Kruiskerke en "Scouts"kerke deur ds. SJ du Toit bedien




Die kaart wys duidelik die groot afstande is wat ds S.J. du Toit, wat in die Paarl gebly het, met 'n perdekar moes ry om die verskillende gemeentes te bereik en te bedien. Hy het dit met liefde en tot eer van die Here gedoen.
Die ronde kolle (•) is Kruiskerke en die driehoeke (Δ) is die "Scouts" kerke.

## Gereformeerde Kerk en die Kruiskerke se bedieningsnood

Op die derde Algemene Vergadering, gehou op Strydenburg op 25 Desember 1911, het die kommissie rapport gedoen, en daaruit blyk dat pogings in die werk gestel is om ds. Francois Stefanus du Toit, wat in 1905 van die NG na die Hervormde Kerk oorgegaan het, te kry om hulle te bedien, maar hy wou nie. Verder het hulle 'n kommissie ontmoet wat in 1910 deur die Sinode van die Gereformeerde Kerk benoem is nadat die eerste Algemene Vergadering (1910) die brief van die Kerke onder die Kruis behandel het, en die resultaat van die onderhoud was min of meer soos volg:

(1) Op die vraag van die Kommissie van die Kruiskerke of 'n leraar van die Gereformeerde Kerk hulle sou kon bedien, was die antwoord nee, want dan sou hy eers sy kerklike verband moes opsê en by daardie Kerk aansluit.

(2) Die leraars van die Gereformeerde Kerke was ook van oordeel dat die teenswoordige skikking om Woord en Sakramente in die Kruisgemeentes te bedien, nie op die duur sou kon voortgaan nie.

(3) Verder was hulle ook van oordeel dat die verskilpunte tussen die Kerk onder die Kruis en die Gereformeerde Kerk nie sodanig was dat aansluiting in die weg staan nie, aangesien die twee Kerke tog een was in leer, diens en tug.

(4) Die leraars van die Gereformeerde Kerk was ook nog van oordeel dat wanneer die Sinode van die Gereformeerde Kerk in 1913 vergader, die Gereformeerde Kerk onder die Kruis tot 'n besluit moet gekom het op die punt vanaansluiting al dan nie.

(5) Tot die Sinode van 1913 sou die predikante wat gewillig was en verlof van hulle kerkrade ontvang het, die Kruisgemeentes help deur Woord en Sakramente te bedien (Oberholster, 1956:293).

Die Algemene Vergadering het hierdie rapport van sy kommissie bespreek en toe tot die volgende besluit ge kom: "Die Algemene Vergadering van die Gereformeerde Kerke onder die Kruis, staande op die grondslag van Gods Woord en die belydenisskrifte van die Gereformeerde Kerke, naamlik die Drie Formuliere van Eenheid, spreek uit:

(a) dat op dié grondslag hierdie Vergadering sy eenheid gevoel met ander Kerke op dieselfde grondslag en met name met die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika;


(b) dat hierdie Vergadering meen dat dit uiteindelik tot vereniging met hierdie Gereformeerde Kerk moet kom maar dat die tyd daarvoor nou nog nie ryp is nie, maar

(c) dat die afgevaardigdes hulle respektiewe gemeentes omtrent hierdie saak moet inlig en raadpleeg met die doel om tot daadwerklike vereniging te kom. Met hierdie besluit, wat nie eenparig geneem is nie, het die Kerke onder die Kruis dus die moontlikheid van onderhandeling met die oog op kerkvereniging geopen en sou in die nabye toekoms dus daaraan aandag geskenk moes word deur die afsonderlike kerkrade. Die Vergadering het nog verder probeer om die bedieningsvraagstuk op te los maar kon nie verder kom as die hulp wat van die kant van die Gereformeerde Kerk toegesê was nie (Oberholster, 1956:294).. . (volgende keer verder)

* * * * * * * * * * *

# Harry Potter se outeur 'n Satanis

Die verslaggewer van *Post Mortem* het 'n onderhoud met J.K. Rowling die outeur van die *Harry Potter* reeks gevoer. Sy het aan hom gesê: "I worship the Devil, Beelzebub, Satan, Lucifer – in all his unholy forms. And I owe my success, all my glory, all my power, to my sweet, beautiful Lucifer." Nou wil sy bekend staan as Mev. J.K. Satan. Toe sy 'n enkel ouer op staatshulp was, het sy besluit: "I'll give myself, body and soul, to the Dark Master. And in return, he will give me absurd wealth and power over the weak and pitiful of the world. And he did!"




Christene dwars oor die wêreld het al lankal gewaarsku dat die Harry Potter-boeke 'n bederwende invloed op die jeug het. Daarop het sy geantwoord: "Well, of course the books are designed to corrupt young minds… That's what Lucifer demands of us – all of us! …Because my master's power is only now at its zenith. Only now can I reveal the true purpose of my work… Only with the release of Harry Potter and the Chamber of Secrets, due in North American theatres on Nov.15, is it too late for all you impotent mortals to do anything to stop it!"

**Kommentaar:** Al diegene wat die Harry Potter boeke goed probeer praat het moet maar hoor dat dit eintlik uit die hel aangesteek is, en niks uit die hel kan goed wees nie! Ook in die Kerkblad was al artikels en briewe wat hierdie blootstelling aan ons kinders – met ouerbegeleiding – aanbeveel het. Nou is die slegte vrugte van die potterboom wel gekoppel aan die satanboom. Aan die kinders van die Here is dit lankal openbaar in Matt.7:15-20: Aan die vrugte sal ons die boom ken; 'n Slegte boom kan nie goeie vrugte dra nie.

- - - -

*Uit die Evangelies Gereformeerde Kerkblad 2 Feb.2003*

# Die waarheid oor Harry Potter

Ds. Rico Scholtz

Onlangs het daar in 'n kerkblad van een van die grootste kerke in S.A. ’n artikel verskyn wat sê dat daar niks verkeerd is met J.K. Rowling se skepping van Harry Potter nie. Maar ons leef in die eindtyd vlak voor die wederkoms van die Here Jesus wat gekenmerk word deur baie onkunde en dwalings.

In hierdie artikel gee ons feite wat vir u sal wys dat J.K. Rowling baie diep kennis het van okkulte, satanisme en ware heksery. Hierdie verhaal het sy verwoord in fiksie en leer haar lesers in fyn besonderhede hoe die okkulte werk.

Ongelowige mense sal sekerlik nie die okkultiese gevare gou raaksien nie, want die Bybel sê in Hand. 26: 18 dat die Here eers ’n mens se oë moet open sodat jy jou kan bekeer van die mag van Satan tot God.

Die verhaal van klein Harry word gebou rondom 'n ware heks se lewensverhaal, genaamd Aleister Crawley (1875-1957). Hy was 'n heroïnverslaafde, homoseksueel en ’n heks. Op 11 jarige ouderdom ontdek Crowley dat hy 'n heks is – dieselfde ouderdom ontdek Harry dit ook.

Die daaropvolgende jare bring Crawley deur om homself en die okkultiese magte te leer ken – dieselfde met Harry. Sy lewe van rebellie word ook gereflekteer in Harry se optrede. Daarby word 'n menigte van Crawley se aanhalings en leerstellings op 'n subtiele wyse ingebou in die Potter boeke.

Ons het hier glad nie te doen met fiksie nie, die hekse wat hier genoem ward is ware hekse wat geleefhet. Selfs die twee grootste okkiltiese figure wat ooit geleef het, word genoem en hul verhale beskryf nl. Paracelsus en Nicolas Flamel met sy vrou Perenelle.

In die skool van heksery en towery te Hogwarts leer kinders saam met Harry hoe werk ware towery, okkultiese begrippe soos die towersteen en die werkinge van sataniese mag "force" selfs die boeke wat Harry moet bestudeer, is die name van werklike towerboeke.

Pastoor Meyer wat self eens ’n satanis was, skryf die volgende: "As a former witch I can speak with authority when I say that I have examined the works of Rowling and that the Potter books are training manuals for the occult, untold millions of young people are being taught to think, speak, dress and act like witches by filling their heads with the contents of these books. Children also learn a new vocabulary including words such as "Azkaban, Draco, Erised, Hennes & Slytherin" all of which are names of real devils or demons."

Hier is aanhalings van lesers van die boeke:

* 10 Jarige Graig NorwaH (reeds 'n lid van die "New satanic order of the Black Circle"): "The Harry Potter books are cool, cause they teach you all about magic and how you can use it to control people and get revenge on your enemies. I want to learn the Cruciatus Curse, to make my teacher suffer for giving me a D."
* 9 Jarige Ashley: "Jesus died because He was weak and stupid. I used to believe what they taught us at Sunday School but the Harry Potter books showed me that magic is real, something I can learn to use right now and that the Bible is nothing but boring lies.”
* Hoëpriester van die First Church of Satan in Salem: "Harry is an absolute godsend to our cause. An organization like ours thrives on new blood – no pun intended, and we've had more applicants than we can handle lately. And of course, practically all of them are virgins, which is gravy."

J.K. Rowling die skryfster van die boekreeks laat haar ook uit oor die doelwitte van die boeke en die Christelike kommentaar daarop: "I think it's absolute rubbish to protest children's books on the grounds that they are luring children to-Satan." In 'n onderhoud met die **London Times op 17 Julie 2000** sê **sy: "People should be praising them for that! These books guide children to an understanding that the weak, idiotic Son of God is a living hoax who will be humiliated when the rain of fire comes (verwysend na die Antichris) while we, his faithful servants laugh and cavort in victory."**

Ds. James Brand: "My vrou en ek het 'n bediening van genesing en bevryding. Hierdie tipe boeke is toegangspunte vir demone! Baie towerspreuke en towerformules waardeur kinders in die satanisme ingelei word kom in die boeke voor, soos bv:

* Accio - 'n Betowerende gelukbringer waardeur geeste opgeroep word.
* Adavo Kedavra - 'n Vloek wat mense doodmaak.
* Cruciatus Curse - 'n Martelvloek.
* Homorphus Charm – ’n Toorkrag om weerwolwe in mense te verander.
* Mobilarbus - 'n Magiese towerspreuk om voorwerpe te beweeg.
* Petrificus Totalus - Toorkrag wat iemand immoboliseer.

**Wat sê God van boeke met ’n okkultiese inslag?** Hand. 19: 18-20 - "En baie van die wat gelowig geword het, het belydenis kom doen en hulle dade bekend gemaak. En verskeie van die wat met towery omgegaan het, het die boeke bymekaar gebring en voor almal verbrand. So het die woord van die Here met krag gegroei en sterk geward."

* Bekeer jou van sonde en die mag van Satan (Hand. 26: 18).
* Aanvaar die Here Jesus as jou Persoonlike Verlosser (Joh. 1: 12).
* Laat Christus in jou lewe inkom en jou vrymaak van alle magte (Open. 3:20).

Vir meer inligting of hulp skakel: 0834522383

* * * * * * * * * * *